OLIMPIADES '96

# UITNEMENDHEID BELOON

Vanjaar was die Tiende Senior Olimpiade en vir die eerste keer kon, benewens 'n goue en nege silwermedaljes, ook kontantpryse aan medaljewenners toegeken word. (Sien berig elders). Vir die eerste keer is 'n Junior Olimpiade vir standerds 6 en 7 aangebied. Albei olimpiades is goed ondersteun. Die toppresteerders in die Senior Olimpiade het uitnemend presteer. Vir die eerste keer in tien jaar word die Goue Medalje vir 'n tweede keer deur dieselfde kandidaat ingepalm: Danie Smit van Paul Roos-Gimnasium. Die paneel was van oordeel dat sy antwoorde van buitengewone belesenheid, rypheid en intellektuele skerpheid getuig. Maar ook die silwermedaljewenners het 'n besonder hoë standaard gehandhaaf, gesien die andersoortige aard van die vraestel in die tweede ronde. Die vraestel en antwoorde word in 'n afsonderlike artikel bespreek. Vir die eerste keer is daar ook twee standerd 8-leerlinge onder die medaljewenners. As hulle twee in gedagte hou dat verlede jaar se goue medaljewenner in standerd 9 was, is daar vir hulle groot vooruitsigte.

Die standaard van die wenners se antwoorde in die tweede ronde was van die hoogste wat nog in die olimpiade behaal is. Die feit dat die aard van die vraestel besonder hoë eise aan die leerlinge se selfstandige denke en kennis van nuusgebeure gestel het, maak dié prestasie des te merkwaardiger. Die rypheid en die gebalanseerdheid waarmee kandidate twee sensitiewe en omstrede historiese dokumente, 'n toespraak van dr. Verwoerd en 'n uittreksel uit die Vryheidsmanifes van 1955, ontleed en geëvalueer het, getuig van hulle selfstandige denke en vermoë om bó politieke retoriek en ideologiese slagspreuke uit te styg. Dit hou besondere belofte in vir die ontwikkeling van insigvolle begrip en 'n rasionele benadering tot 'n gevoelige verlede.

## SOME STATISTICS

It is encouraging to note the increase in the number of Black, Coloured and Indian candidates in both the first and the second round. In the second round 55 instead of 50 candidates competed because the cut off mark could not be drawn after the first 50. The finalists included 4 Black, 2 Coloured and 5 Indian candidates.

**Statistics on the first round:**

| | |
|---|---|
| Number of candidates enrolled | 2 251 |
| Number of schools represented | 229 |
| Afrikaans answers | 704 |
| English answers | 1 547 |
| Boys | 1 085 |
| Girls | 1 166 |
| Highest mark achieved | 83 |
| Lowest mark achieved | 17 |

**Statistics for the second round:**

| | |
|---|---|
| Number of candidates | 55 |
| Afrikaans answers | 18 |
| English answers | 37 |
| Afrikaans language schools represented | 12 |
| English language schools represented | 28 |
| St 8 pupils | 4 |
| St 9 pupils | 20 |
| Highest mark achieved | 84 |
| Lowest mark achieved | 14 |

## JUNIOR OLIMPIADE

Die junior olimpiade lewer eiesoortige probleme op omdat daar veel groter variasie in sillabusse moontlik is. Die aantal leerlinge wat ingeskryf het, was 1 395 uit 131 skole. Die hoogste punt wat in die eerste ronde verwerf is, was 47/50 en die laagste 5/50. In plaas van om 100 leerlinge tot die tweede ronde toe te laat, is 94 op die afsnypunt 29/50 toegelaat.

Die vraestel in die tweede ronde het 'n uiteenlopende verskeidenheid vrae bevat: 'n kaart vraag, 'n blokkiesraaisel, verklaring van begrippe en 'n aantal vrae oor sleutelkwessies waaroor eenvoudige paragrafies geskryf moes word. Kandidate kon ook bonuspunte verdien.

Dit is opvallend dat kandidate oor die algemeen redelik swak gedoen het in die kaart vraag. Hulle kon die woonplekke van belangrike bevolkingsgroepe en die plek waar belangrike gebeurtenisse plaasgevind het, oor die algemeen nie goed plaas nie. Miskien word daar nie meer in onderrig aan kaartwerk genoeg aandag gegee nie.

Enkele statistieke oor die tweede ronde:

| | |
|---|---|
| Aantal kandidate wat wel geskryf het | 92 |
| Aantal skole en kandidate Afrikaans | 26 en 55 |

Aantal skole en kandidate Engels 37 en 19
Aantal st 6 en 7 leerlinge onderskeidelik 25 en 67
Hoogste punt behaal 42/50
Laagste punt behaal 3/50.

According to the rules of the Olympiad only 10 prizes may be awarded. Only 9 winners are announced because of the number of candidates with the same mark at the next level. The winners include a Black and an Indian pupil from rural schools. In the second round 5 Black and 21 Indian candidates participated.

It was not possible to precisely identify the number of Coloured pupils in the second round.

Both Olympiads proved beyond any doubt that History as a subject, despite the sensitiveness involved and the controversies surroundig South Africa's past, is alive and dynamic in our schools. The judicious way in which the candidates dealt with complex and emotive issues, is a promising sign for the future role of History in developing a mature historical and civic consciousness.